education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL VS3**

**NOVEMBER 2006**

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings.

   AFDELING A: KREATIEWE OPSTEL
   AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE SKRYFSTUK
   AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE SKRYFSTUK
   AFDELING D: NASLAAN-, INFORMATIEWE, VISUELE EN MULTIMEDIA-SKRYFSTUKKE

2. Skryf VIER skryfstukke soos volg:

   - EEN vraag uit AFDELING A
   - EEN vraag uit AFDELING B
   - EEN vraag uit AFDELING C
   - EEN vraag uit AFDELING D

3. Jy benodig EEN DUBBELFOLIO en VYF ENKELFOLIOS.

   - Gebruik die DUBBELFOLIO vir die beplanning van jou VIER skryfstukke en as 'n omslag vir jou werk.
   - Gebruik EEN ENKELFOLIO vir jou eerste poging en EEN ENKELFOLIO vir jou finale skryfstuk in AFDELING A.
   - Gebruik EEN ENKELFOLIO elk vir AFDELING A, B en C.

4. Voer die opdragte by elke vraag wat jy kies, versigtig uit.

5. Nommer die skryfstukke wat jy gekies het korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Begin elke skryfstuk op 'n NUWE bladsy.

7. Gee spesiale aandag aan sinskonstruksie en spelling.

8. Dui die getal woorde aan die einde van elke skryfstuk aan.

9. Lees jou skryfwerk versigtig deur voordat jy dit inlewer.

10. Skryf netjies en leesbaar.

11. Beplan jou tyd.

12. Lewer jou vraestelpakkie soos wat jy dit ontvang het in.

## AFDELING A: KREATIEWE TEKS

### VRAAG 1

- Kies EEN vraag en skryf 200 tot 250 woorde oor die onderwerp.
- Doen eers 'n beplanning, skryf 'n eerste poging en skryf dan eers jou finale skryf-stuk vir assessering.

1.1 **SO BANG WAS EK NOG NOOIT NIE**



Jy het al baie keer in jou lewe bang gevoel, maar gister het daar iets met jou gebeur wat jou baie bang gemaak het.

Vertel hierdie gebeurtenis.

Dink aan die volgende:

- Waarmee jy besig was voor die gebeurtenis
- Wat jy gedoen het toe die insident gebeur het
- Hoekom jy gereageer het
- Hoekom jy so bang was
- Wat daarna gebeur het

**ÓF**

1.2 **DIE MENSE VAN MY STRAAT**



Julle is 'n gelukkige klomp mense in die straat waar julle woon. Jy hou van Karen Zoïd en julle bure hou van Brenda Fasi. Julle bure se hond blaf almal wakker en hulle kinders se musiek pla almal. Tog is julle almal gelukkig.

Beskryf die mense van julle straat.

Dink aan die volgende:

- Wie almal julle bure is
- Waarom julle almal so gelukkig is
- Wat julle doen om so gelukkig saam te bly

## 1.3 MODERNE TEGNOLOGIE

Ons gebruik die Internet, stuur 'n SMS-boodskap aan ons maat en luister na musiek op ons draagbare CD-spelers. Dit is die lekker dinge van die moderne tegnologie, maar is dit regtig goeie dinge?


Skryf oor die dinge van moderne tegnologie wat die lewe óf lekker óf sleg maak.

Dink aan die volgende:

- Watter dinge van moderne tegnologie die lewe lekker of sleg maak
- Wat 'n mens alles met moderne tegnologie kan doen
- Kan ons nog sonder moderne tegnologie klaarkom
- Hoekom hierdie dinge die lewe lekker of sleg maak

**ÓF**

## 1.4 LAAT VIR MY AFSPRAAK!



Jy moes dringend by 'n bepaalde plek gewees het en moes van openbare vervoer gebruik maak. Ongelukkig was daar probleme tydens die rit en kon jy nie betyds by jou bestemming uitkom nie.

Vertel wat gebeur het.

Dink aan die volgende:

- Waarheen jy oppad was
- Wat jy op hierdie plek sou gaan doen het
- Wat gebeur het
- Wat die uiteinde van die rit was

**ÓF**

1.5 **'N PROJEK WAAROP ONS GRAAD 10-KLAS BAIE TROTS IS**

In die lewensoriënteringsklas, het julle 'n berig in die plaaslike koerant oor al die vigs-wesies in julle dorp gelees. Julle het onmiddellik besluit om geld vir hierdie kinders in te samel.



Beskryf wat julle gedoen het.

Dink aan die volgende:

- Wat die inhoud van die berig was
- Waarmee julle besluit het om te help
- Wat julle gedoen het om geld in te samel
- Hoe julle die geld gebruik het
- Hoe julle die goed wat julle vir die wesies gaan koop, gaan gee

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE**

- Kies EEN vraag en skryf 120 tot 150 woorde oor die onderwerp.
- Jy moet bewyse van jou beplanning gee.
- Merk jou finale poging duidelik vir assessering.

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy is een van die eerste graad 10-leerders wat hierdie jaar die nuwe kurrikulum gevolg het. Jou vriend/vriendin is volgende jaar in graad 10. Skryf 'n brief aan jou vriend/vriendin waarin jy hom/haar vertel hoe jou graad 10-skooljaar was.

Dink aan die volgende:

- Die vakke wat jy geneem het
- Die vakke waarvan jy gehou het
- Die vakke waarvan jy nie gehou het nie
- Watter belangrike lesse jy geleer het
- Raad aan jou vriend/vriendin om goed in graad 10 te doen

**ÓF**

2.2 **'N ONDERHOUD**

Jy het dit reggekry om 'n onderhoud met een van die *Idols*-finaliste te reël.

Skryf die onderhoud wat jy met hierdie *Idols*-finalis gehad het.

Dink aan die volgende:

- Hoe hierdie *Idols*-finalis by die kompetisie ingekom het
- Die *Idols*-finalis se gevoelens gedurende die kompetisie
- Wat die *Idols*-finalis na die kompetisie gaan doen

**ÓF**

2.3 **'N OOGGETUIEVERSLAG**

Jy is een van die persone op die toneel van die onderstaande ongeluk. Jy het hierdie ongeluk sien gebeur.



Skryf jou verslag vir die polisie om te vertel wat gebeur het.

Dink aan die volgende:

- Hoe vinnig die ou dame gery het
- Wat miskien in haar pad gekom het

**ÓF**

2.4 **'N KOERANTARTIKEL**

Suid-Afrika se grondwet sê duidelik watter regte ons kinders het. Die grondwet beskerm alle kinders onder die ouderdom van 18 jaar.

Skryf 'n artikel vir julle skoolkoerant waarin jy van die regte van 'n kind vertel, waarin jy sê wat kindermishandeling beteken en waarin jy sê hoe kinders hulleself kan beskerm.



**TOTAAL AFDELING B: 30**

**AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKSTE**

**VRAAG 3**

Kies EEN vraag en skryf 50 tot 100 woorde oor die onderwerp.

3.1 **'N E-POSBRIEF**

Jou vriend/vriendin het 'n e-pos aan jou gestuur waarin hy/sy nogal negatief oor Suid-Afrika en die toekoms is. Hy/Sy kla oor al die dinge wat in die land verkeerd loop.

Stuur nou 'n e-posbrief aan hom/haar waarin jy vyf redes gee waarom 'n mens positief oor Suid-Afrika kan wees en dat dit nie so sleg gaan nie.

**ÓF**

3.2 **'N UITNODIGINGSKAARTJIE**

Julle wil 'n bekende sportster uitnooi om met die skool te kom praat oor die belangrikheid van sport in 'n tiener se lewe.

Ontwerp 'n uitnodigingskaartjie om die sportster uit te nooi.


**ÓF**

3.3 **'N DAGBOEKINSKRYWING**

Jy kan dit net nie verstaan nie! Party ouer mense probeer so hard om modern en koel te wees.

Hoe voel jy oor hierdie ouer mense wat koel probeer wees?

Skryf jou gevoelens in jou dagboek neer.



**TOTAAL AFDELING C: 10**

**AFDELING D: NASLAAN-, INFORMATIEWE, VISUELE EN MULTIMEDIATEKSTE**

**VRAAG 4**

Kies EEN vraag en skryf 50 tot 100 woorde oor die onderwerp.

4.1 **ADVERTENSIE**

Jy het besluit om die graad 9-leerders by julle skool met hulle skoolwerk te help. Jy mag 'n advertensie in julle skoolkoerant plaas waarin jy jou dienste adverteer.

Skryf die advertensie wat jy in die skoolkoerant gaan plaas.

Dink aan die volgende:

- Die vak(ke) waarmee jy hulle kan help
- Hoeveel jy vir die lesse gaan vra
- Watter tye jy ekstra klasse kan gee
- Waar jy die ekstra klasse gaan aanbied
- Jou kontakbesonderhede



**ÓF**

## 4.2 AANWYSINGS

Dit is die laaste dag van die termyn. Jy het jou klasmaats vir 'n partytjie by julle huis genooi.

Skryf die padaanwysings neer hoe om vanaf die skool tot by julle huis te kom.

Oppad na julle huis toe sal jou maats by drie paaie moet afdraai en verby die volgende plekke moet ry:

- 'n Kentucky-kitskoswinkel
- 'n Inkopiesentrum/'n Winkelkompleks
- Die polisiestasie
- 'n Skool

**ÓF**

## 4.3 'N STROOIBILJET

Dikwels lees ons koerantopskrifte soos die volgende:

*Vyfjarige kind gister geskiet.*
*Inbraak by huis terwyl graad 10-leerder alleen tuis is.*
*Twee tieners oppad skool toe van hulle selfone beroof.*
*Leerder vroegoggend van sy fiets en drafskoene beroof.*
*Jong student ontvoer oppad huis toe.*

Julle skoolfhoof wil hê dat die leerders altyd versigtig moet wees en van die gevare rondom hulle moet weet. Hy gaan 'n prys van R200 vir die strooibiljet gee wat die leerders by julle skool die beste oor al die gevare sal inlig.

Ontwerp 'n strooibiljet om die leerders teen die misdaad in die gemeenskap te waarsku.

**ÓF**

Kopiereg voorbehou 

4.4 **INSTRUKSIES**

Water raak baie skaars en ons moet almal probeer om water te bespaar waar ons kan.

Skryf instruksies neer oor hoe 'n mens water in en om die huis kan bespaar.




**TOTAAL AFDELING D: 10**

**GROOTTOTAAL: 100**